

27 September

**Skrifgedeelte: Handeling 4:23-30**

**Fokusgedeelte: Handeling 4:31**

### **Bid saam vir kragtige evangelieverkondiging**

Wonderlike dinge het ná die uitstorting van die Heilige Gees gebeur. Die evangelie is met krag en met resultate verkondig. Kragtige tekens en wonders het plaasgevind.

Die heerlikheid van die nuwe bedeling het egter vinnig verdwyn. Die oudstes en die Skrifgeleerdes verbied die dissipels om die evangelie verder in die Naam van Jesus te verkondig (vs. 18). So val Satan die verkondiging van die evangelie aan. Die vyandige teenkanting wat koning Dawid al beleef het, herken hulle ook in hulle lewe (vs. 25, 26; Ps. 2:1-2). Uiteindelik was dit alles pogings om Jesus Christus van die troon te stoot.

Hierdie stryd bring die kerk in 'n krisis. Die gemeente se reaksie is om almal saam tot God te bid (4:23). Hulle bid nie teen die vyande nie, maar vir volharding en vrymoedigheid met evangelieverkondiging (vs. 29, 30). Die evangelie moet verder. Hulle mag nie stilbly nie. Hulle vra ook tekens en wonders in Jesus se Naam. Die tekens en wonders bevestig die krag van die evangelie. Hulle vra dus juis dit wat die koms van die Heilige Gees gekenmerk het: kragtige verkondiging en tekens en wonders. Die Here beantwoord hulle gebed. Die plek waar hulle bymekaar was, skud. Hulle word vervul met die Heilige Gees en verkondig die Woord van God vrymoedig. Kragtige verkondiging en tekens en wonders vind plaas!

Ook vandag is ons geroep om die evangelie onverskrokke te verkondig. Ons ervaar egter teenkanting en teleurstelling van binne en buite die sigbare kerk. In dit sien ons die poging van Satan om Christus te onttroon. Dank die Here dat Hy vir ons wys watter mag daar in gesamentlike gebed geleë is. Waar gelowiges se hart saam klop en dit uiting vind in gebed, daar word die mag van die Gees ontsluit. Daar kom deurbrake en die evangelie word kragtig verkondig.

Die vraag is: Voel ons almal die dringendheid aan? Is ons een van hart? Voel jy saam en bid jy met jou hele hart saam met jou medegelowiges om die verspreiding van die evangelie? En natuurlik: Glo ons werklik dat ons die kragtige werk van die Heilige Gees sal sien as antwoord op ons gebede?

*Sing: Psalm 145:1, 3, 9 (2001-omdigting)*

*Ds. JGL van der Walt (Oudtshoorn)*